



**[eduresourceza.com](http://eduresourceza.com)**



ST JOHN'S COLLEGE

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I**

Tyd: 2½ uur

100 punte

Eksaminator: M Huysamer

Modereerders: GO, JS, EP, GM, IM

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
  2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:  

|            |                            |
|------------|----------------------------|
| Afdeling A | Leesbegrip (30 punte)      |
| Afdeling B | Opsomming (10 punte)       |
| Afdeling C | Poësie (30 punte)          |
| Afdeling D | Taalvaardigheid (30 punte) |
  3. Beantwoord al die vrae.
  4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
  5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
  6. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
  7. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.
  8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
-

**HIERDIE IS 'N LEË BLADSY**


Beste Aden, Adrian, Alec, Alex, Alexander (1), Alexander (2), Alexandro, Ameer, Andrew, Angelo, Angus (1), Angus (2), Ayyad, Benjamin (1), Benjamin (2), Bradley (1), Bradley (2), Bryce, Caleb, Calvin (1), Calvin (2), Chad, Christian, Christopher, David, Duncan, Enzo, Ethan (1), Ethan (2), Finlay, Furkan, Gabriel, Gerry, Hassan, Hein, Henry, Ignatius, James, Jayden, Jingpu, Johannes, Jonathan (1), Jonathan (2), Jonathan (3), Joseph, Joshua, Julian, Karabo, Krishay, Leonardo, Leruo, Lesedi, Liam (1), Liam (2), Liam (3), Liam (4), Liam (5), Luke (1), Luke (2), Luke (3), Luke (4), Luke (5), Luqman, Majil'Aphiwe, Malan, Marco, Marcus, Matt, Matthew (1), Matthew (2), Matthew (3), Matthew (4), Matthew (5), Matthew (6), Matthew (7), Matthew (8), Max (1), Max (2), Michael, Mihir, Mohamed, Ndalo, Nicholas (1), Nicholas (2), Nkosiphile, Nkululeko, Oliver, Reece, Richard, Rory, Roscoe, Samuel, Sashiel, Scott, Sebastian, Shen, Simon, Stuart, Thandolwethu, Thomas, Timothy, Tom, Vincent, Yannis, Yashil en Zareef,

Sterkte, en geniet die vraestel!

**AFDELING A LEESBEGRIP****VRAAG 1 INTERNETARTIKEL**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

**Gaan Kunsmatige Intelligensie (Artificial Intelligence) ons einde beteken?**



[Bron: <https://www.usnews.com/news/cartoons/2019/02/01/cartoons>]

- 1 Hoekom wonder soveel kenners skielik of Kunsmatige Intelligensie (KI) ons almal sal doodmaak?
- 2 Rekenaars leer vinniger en vinniger elke keer as iemand dit gebruik. Geoffrey Hinton, die "Godfather van KI," het so gesê toe hy onlangs sy werk by Google bedank het. "Kyk hoe dit vyf jaar gelede was en hoe dit nou is," sê hy. "Vat die verskil en projekteer dit vorentoe. Dis skrikwekkend."
- 3 Rekenaars kan afsonderlik leer, maar deel hul kennis onmiddellik met mekaar. Dit is asof jy 10 000 mense het en wanneer een persoon iets leer, leer almal dit outomaties. Stel jou nou voor as hulle almal besluit dat mense 'n eksistensiële bedreiging vir die planeet is, en dus ook 'n bedreiging vir die rekenaars self is. Hoe lank sal dit vir rekenaars neem om die tegnologie wat ons lewens aan die gang hou, soos die vervaardiging van voedsel of medisyne, af te sluit?
- 4 Hollywood het al die goeie en slegte kante van KI uitgebeeld. Die karakter "Data" van Star Trek was beslis 'n beste scenario. Hy het homself altyd as iets minder as mens beskou, maar het daarna gestreef om menslikheid as 'n ideaal te bereik. Hy het so ver gegaan as om 'n troeteldier te besit en klassieke musiek te leer.
- 5 Maar daardie karakter is die uitsondering in wetenskapfiksie. Daar was die bose HAL in die 1968-film *2001: A Space Odyssey*. Daar was die *Terminator*-franchise wat in 1984 met Arnold Schwarzenegger begin het. Will Smith het in 2004 se *I, Robot* teen 'n nagmerrie van 'n masjien geveg.

- 6 KI is oral. Dit is waarskynlik in jou sak of jou hand terwyl jy hierdie woorde lees. Elke keer as jy 'n teksboodskap stuur, voorspel jou slimfoon die volgende woord wat jy beplan om te tik. Elke keer as jy na 'n Netflix-program of YouTube-video soek om te kyk, voorspel 'n algoritme wat jy volgende sal wil kyk.
- 7 Die soekenjin Bing gebruik nou 'n 'tjatbot' of 'kletsbot' wat met ons kommunikeer in die taal van ons keuse in plaas van 'n werklike mens. Sulke bots word deur talle maatskappye gebruik om die koste van arbeid te verminder. Of, om reguit te praat, om mense se werk oor te neem.
- 8 Universiteitstudente gebruik programme soos Chat GPT, wat laat verlede jaar vrygestel is, om akademiese opstelle te skryf. Walmart gebruik KI om met verskaffers te onderhandel. En JP Morgan ontwikkel 'n KI-instrument om finansiële advies te gee.
- 9 Dit is nie alles sleg nie - KI kan pret wees. Rekenaars skep beelde van presidente met vreemde haarstyle. KI is gebruik om die sanger Biggie Smalls lirieke van Tupac Shakur te laat opsê.
- 10 Maar verlede maand het 'n organisasie genaamd die *Sentrum vir KI-veiligheid* 'n verklaring gepubliseer wat waarsku dat "die risiko van KI vir die mensdom se voortbestaan 'n wêreldwye prioriteit moet wees saam met soortgelyke risiko's soos aardverwarming, pandemies en kern-oorlog."
- 11 Die brief is onderteken deur sommige van die base van Microsoft en Google. As hulle bekommerd is, behoort ons bekommerd te wees. Die probleem is net - ons kan nie die tandepasta terugsit in die buisie nie!

Verwerk uit: [www.azcentral.com/op-ed/greg-moore/2023/06/01/ai-threat-humanity-hinton-reason-worry/](http://www.azcentral.com/op-ed/greg-moore/2023/06/01/ai-threat-humanity-hinton-reason-worry/)

- 1.1 “Geoffrey Hinton (het) onlangs sy werk by Google **bedank**.”

Dit beteken: (Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die korrekte alfabetletter neer.)

- A Geoffrey het onlangs vir Google dankie gesê vir sy werk.
  - B Google het onlangs vir Geoffrey dankie gesê dat hy daar werk.
  - C Geoffrey werk nie meer by Google nie.
  - D Geoffrey is dankbaar dat hy by Google kon werk. (1)
- 1.2 Waarom is Hinton bekommerd as hy dink waar KI vyf jaar gelede was en waar dit nou is? Verduidelik in jou eie woorde. (1)
- 1.3 Op watter **TWEE** maniere sal KI-robotte ons kan doodmaak? (2)
- 1.4 Antwoord WAAR of ONWAAR op die volgende stelling:
- In rolprente word KI altyd in 'n negatiewe manier voorgestel.
- Haal 'n **frase** van vyf opeenvolgende **woorde** aan om jou antwoord te bewys. (2)
- 1.5 Noem 'n manier hoe KI ons alreeds help wanneer ons wil ontspan. (1)

1.6 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die korrekte alfabetletter neer.

Die skrywer van hierdie artikel is bang dat KI sal bydra tot:

- A misdaad
  - B werkloosheid
  - C besoedeling
  - D oorbevolking
- (1)

1.7 Haal **twee opeenvolgende woorde** aan wat wys dat KI in dieselfde lig gesien moet word as aardverwarming, pandemies en kern-oorlog. (1)

1.8 'Onthou net – jy kan nie die tandepasta terugsit in die buis nie.'


Verduidelik kortliks wat die skrywer met hierdie sin probeer sê. (1)

**[10]**

## VRAAG 2

## INFOGRAFIEK

Bestudeer die onderstaande infografiek en beantwoord dan die vrae wat volg.



- 2.1 Watter koffiemaker sou jy gebruik as jy baie haastig is? Verduidelik jou keuse. (1)
- 2.2 Verduidelik wat die  en  ikone elkeen beteken. (2)
- 2.3 Watter koffiemaker, volgens die inligting in die infografiek, sal die dikste instruksiegids vir gebruikers hê? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 2.4 Watter koffiemaker, volgens die infografiek, verander die smaak van die koffie wat 'n mens brou? (1)
- 2.5 Verwys na die afdeling in die infografiek getiteld *Wat jou koffie-keuse van jou sê*. Haal **TWEE** menslike kwaliteite aan wat min of meer dieselfde beteken. (1)
- 2.6 Verduidelik in jou eie woorde wat 'kitskoffie' is. (1)
- 2.7 Watter soort koffie, dink jy, sou die klimaat-aktivis Gretha Thunberg drink? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 2.8 Op watter kontinent sou jy amper presies dieselfde vir 'n koppie koffie betaal as in Johannesburg? (1)
- 2.9 Tussen watter twee stede is die grootste prysverskil vir 'n koppie koffie? (1)

**[10]**

### VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent en beantwoord dan die vrae wat volg.



[Bron: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/spotprente>]

- 3.1 Hoe kan ons sien dat die pa intens fokus op die rugbywedstryd? Gee **TWEE** visuele leidrade. (2)
- 3.2 Wat noem ons die gemaklike skoene wat die pa aanhet? Gee slegs een woord. (1)
- 3.3 Gee **TWEE** visuele leidrade wat wys dat die baba 'n groot geraas maak. (2)
- 3.4 Die ma is besig om die tapyt skoon te maak. Wat noem ons die masjien wat sy daarvoor gebruik? Gee slegs een woord. (1)
- 3.5 In watter kamer is die gesin? Gee slegs een woord. (1)
- 3.6 Hoe kan ons van die spraakborrel aflei dat die klein dogtertjie baie hard met haar boetie praat? Gee **TWEE** visuele leidrade (2)
- 3.7 Hoe kan ons van die ma se gesigsuitdrukking aflei dat sy onbeïndruk is met haar man se aksies? Gee **EEN** visuele leidraad. (1)

[10]

30 punte

**AFDELING B OPSOMMING**

**VRAAG 4 OPSOMMING VAN VAKANSIEPLANNE**

Onderwysers is gewoonlik net so gretig om met vakansie te gaan as hulle leerlinge. By een Departementsvergadering praat hulle oor hulle planne vir die komende Desember.



- Som die vyf onderwysers se vakansieplanne in 5 punte en 70 woorde op.
- Noem **waarheen** elke onderwyser **wil gaan en ook wat hulle tydens die vakansie wil doen**.

Bv.: Meneer West en sy vrou wil *Engeland toe gaan*. Hy wil daar vir *sy kleinkinders kuier en golf speel*.

**Onthou:**

- Skryf telkens **waarheen** die vyf onderwysers gaan en **wat hulle daar gaan doen**.
- Moenie die sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- **Elke antwoord mag een of twee sinne bevat.**
- Nommer jou punte 1 tot 5.
- Laat 'n reël oop na elke nommer.
- Jou opsomming mag nie minder as 60 woorde of meer as 80 woorde lank wees nie.
- Skryf die woordtelling aan die einde neer.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

Goeiemiddag, julle. Ek is seker julle kan nie meer wag vir die vakansie om te begin nie. Wat gaan julle elkeen oor die Desembermaand doen?

|                 |                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
|-----------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Mev. Oosthuysen | Ons gaan beslis aan die einde van die jaar ons karretjie Wildekus toe ry. Dit is ons wêreld, daardie! Dis waar my pa grootgeword het. Ek gaan elke dag op die strand stap en my dogter het my oortuig dat ek gedigte moet probeer skryf.                                                       |
| Mev. Pringle    | Kyk, my dogtertjie is Suid-Afrika se volgende netbal-superster! Sy is gekies vir die Suid-Afrikaanse onder-13 Aksie-netbalspan wat in Desember Nieu-Seeland toe reis vir die Drienasies Toernooi. Ek gaan saam om haar te ondersteun en ons gaan ook daarna in Australië rondtoer.             |
| Mnr. Muller     | Nee, jong. Aan die einde van elke termyn gee my vrou vir my 'n lang lysie van al die dinge wat sy wil hê ek aan die huis moet verbeter. Ek dink ek gaan 'n nuwe braai langs die lapa bou. So ek bly maar tuis, maar ek wil ook deelneem aan die Gautengse Windbuks Kampioenskappe in Pretoria. |
| Mev. Schultz    | Ek is so opgewonde! My man moet in Desember Noord-Carolina toe gaan vir 'n konferensie en ek gaan saam met hom. Ons gaan ook heerlik feesvier, want my seuns woon in Amerika en ons gaan my jongste seun se gradeplegtigheid bywoon. Ek kan nie meer wag nie!                                  |
| Mnr. Huysamer   | Ek en my vrou maak altyd 'n plan om êrens te gaan stap. Op die oomblik moet ons nog besluit of ons drie dae in die Kalahari of vier dae in die Drakensberge wil gaan voetslaan. Die Kalahari is pragtig, maar vuurwarm, terwyl die Drakensberge nog altyd vir ons gesin 'n spesiale plek was.  |

10 punte

**AFDELING C POËSIE****VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

**strelizia****Annie Klopper**

- 1 dit was reeds te laat vir verskonings maak  
 2 toe mevrou Susan van Breda - enkele sekondes  
 3 nadat sy die oggend om stiptelik seweur  
 4 met 'n lang sigaret  
 5 tussen gladde naels agter die stuur  
 6 van haar luukse sedan ingeskuif het -  
 7 skielik  
 8 geskok  
 9 na die linkerkant van haar simmetries  
 10 geplaveide siersteenoprit staar
- 11 dit was reeds te laat vir verskonings maak,  
 12 ja,  
 13 maar  
 14 dalk  
 15 indien sy nie so besig was om  
 16 (met die staar saam)  
 17 aan verskonings te dink nie  
 18 sou sy dalk ten minste redes kon kop  
 19 waarom haar seun haar strelizia  
 20 stukkend sou wou skop

[Bron: Touloupers: Verse vir Tieners – Saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

- 5.1 Noem **TWEE** kenmerke van 'n vrye vers wat in die gedig voorkom. (2)
- 5.2 Die enigste hoofletters in die gedig is "Susan van Breda". Sy word ook "mevrou" genoem.  
 Noem **TWEE** moontlike karaktertrekke van haar wat hierdeur gewys word. (2)
- 5.3 Wat kan ons aflei van die tipe motor wat Susan van Breda bestuur? (1)
- 5.4 Gee **TWEE** bewyse uit die gedig wat daarop dui dat Susan van Breda moontlik 'n perfeksionis is. (2)
- 5.5 Gee 'n moontlike rede waarom Susan van Breda sigarette rook. (1)
- 5.6 Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken om iets te 'kop' (reël 18). (1)
- 5.7 Gee een moontlike rede waarom Susan van Breda se seun haar strelitzias stukkend sou skop. (1)

**[10]**

## VRAAG 6

## VOORBEREIDE GEDIG

Lees die gedig deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Staan op!****Fanie Viljoen**

- 1 Staan op! As jy al ooit alleen was.
- 2 Staan op! As jy al ooit gespot is omdat jy gesê het
- 3 hoe jy werklik voel.
- 4 Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het dat
- 5 niemand van jou sal hou as hulle jou werklik ken nie.
- 6 Staan op! As jy al ooit verwerp gevoel het omdat
- 7 jy te vet/te maer/te lelik/te... was.
- 8 Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het om
- 9 "iets aan jouself te doen".
- 10 Staan op! As jy dink daar is net donker in die toekoms.
- 11 Staan op! As jy partykeer nie antwoorde het op jou vrae nie.
- 12 Staan op! As jy al ooit jou pyn vir ander mense moes wegsteek.
- 13 Staan op! As jy dink jy is nie aanvaarbaar nes jy is nie.
- 14 Staan op! As jy al ooit gehuil het omdat jy jouself
- 15 nie kan verander nie.
- 16 En kyk - hoeveel mense sit nog om jou?

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – Saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

- 6.1 Die bevel 'Staan op!' word tien keer aan die begin van 'n reël herhaal. Wat word hierdie digterlike herhaling genoem? (1)
- 6.2 Bestudeer die struktuur van die gedig. Van watter soort gedig (digvorm) is dit 'n voorbeeld? (1)
- 6.3 "*Staan op! As jy al ooit verwerp gevoel het omdat jy te vet/te maer/te lelik/te ... was.*" (reëls 6-7)
  - 6.3.1 Vul jou eie paslike woord in by die ellips in reël 7 wat die boodskap van die reël sal behou. (1)
  - 6.3.2 Watter ander reël in die gedig beteken min of meer dieselfde as reëls 6-7? Skryf die reël vol uit. (1)
- 6.4 "*Staan op! As jy al ooit daaraan gedink het om 'iets aan jouself te doen'.*" (reëls 8-9)
  - 6.4.1 Wat beteken dit om "iets aan jouself te doen" in die konteks van hierdie gedig? (1)
  - 6.4.2 Wat noem ons so 'n uitdrukking waar die harde realiteit versag word deur ander woorde te gebruik? (1)

6.5 “En kyk - hoeveel mense sit nog om jou?” (reël 16)

6.5.1 Wat noem ons dit as ‘n woord of reël op sy eie staan in ‘n gedig? (1)

6.5.2 Wat, dink jy, sal die spreker verwag om as antwoord te ontvang op hierdie vraag? (1)

6.5.3 Wat noem ons so ‘n vraag wat nie ‘n antwoord verwag nie? (1)

6.6 Noem enige tienerprobleem wat in hierdie gedig geïllustreer word. (1)

**[10]**

**VRAAG 7                      ONGESIENE GEDIG**

Lees die gedig deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**My hart is 'n hamburger****Jaco Jacobs**

- 1 Ek spaar vir 'n kitaar
- 2 om my songs vir jou te speel. My sad en silly songs
- 3 wat ek net vir jou wil sing. Dis die enigste
- 4 rede waarom ek naweke waiter.
- 5 Maar vroeër vanaand was jy
- 6 onverwags saam met
- 7 hom
- 8 hier by die Spur en sommerso
- 9 on the spur of the moment het ek
- 10 my hart in 'n hamburger bun voor jou
- 11 neergesit (tjips, geen uieringe) en gesê
- 12 "Lekker eet."

[Bron: *Toulopers*, 2011]

- 7.1 Identifiseer die beeldspraak in die titel. (1)
- 7.2 Benoem die tipe rym wat ons in reël 1 vind. (1)
- 7.3 Gee 'n voorbeeld van alliterasie in die gedig. (1)
- 7.4 Van watter versreël kan ons aflei dat die meisie in die gedig die enigste meisie in die wêreld vir die spreker is? (1)
- 7.5 Watter woord lei die wending in die gedig aan? (1)
- 7.6 Wie is die 'hom' in reël 7? (1)
- 7.7 Waarom bestaan reël 7 slegs uit een woord? (1)
- 7.8 Watter tipe spreker vind ons in die gedig? (1)
- 7.9 Wat beteken dit as jy jou hart voor iemand neersit soos die seun in die gedig? (1)
- 7.10 'n Hamburger word van gemaalde vleis gemaak. Waarom, dink jy, voel die seun asof sy hart opgemaal is? (1)

**[10]**

|                 |
|-----------------|
| <b>30 punte</b> |
|-----------------|

AFDELING D TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Bestudeer die strokiesprent hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.



[Bron: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/spotprente/>]

- 8.1 Die ou rusbank het al beter dae gesien. Die man lê altyd op die rusbank.  
Die ou rusbank waarop ... (1)
- 8.2 Die man vra: "Wanneer vier ons Mannedag?"  
Die man vra ... (1)
- 8.3 Die vrou dra die wasgoed met moeite na die wasmasjien.  
Die wasgoed ... (1)
- 8.4 Die man kyk na sy vrou wanneer sy verbyloop.  
'n Oomblik gelede ... (1)
- 8.5 Die vrou stap na die waskamer sodat sy die vuil wasgoed kan was.  
Die vrou stap na die waskamer om ... (1)
- 8.6 Die vrou prop al die wasgoed in die wasmasjien. Sy ontspan met 'n koppie tee.  
Nadat ... (1)

- 8.7 Die vrou is kwaad, want haar man is so selfsugtig.  
Aangesien ... (1)
- 8.8 Het die man enigiets gedoen om sy vrou te help?  
Nee, ... (1)
- 8.9 Die vrou is nie meer bereid om haar man te bedien nie.  
Volgende week ... (1)
- 8.10 Die man slaap die hele dag op die rusbank.  
Die man hou daarvan ... (1)
- 8.11 Die wasgoed is later deur die vrou aan die wasgoedlyn gehang.  
Die vrou ... (1)
- 8.12 Die vrou beveel haar man om wakker te word en die gras te gaan sny.  
Die vrou beveel haar man: "..."  
(1)  
**[12]**

## VRAAG 9

## WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf wat op die prent gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.

Skryf die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou Antwoordboek neer.



[Bron: Google images]

Die lug is vandag **9.1 (blou – gee die intensiewe vorm)** in Durban. Die twee kinders speel met klein **9.2 (grawe – gee die verkleinwoord)** en emmers om sandkastele te bou. Hulle wil 'n sandkasteel groot genoeg bou om **9.3 (in + dit – gee die betreklike voornaamwoord)** te kan sit.

Die **9.4 (speel – gee die teenwoordige deelwoord)** kinders voel baie gelukkig. Die **9.5 (jonk – gee die oortreffende trap)** meisie maak haar hare **9.6 (styf – gee die vergrotende trap)** vas, want die wind is baie sterk. Hulle ma weet dat haar kinders vanaand met **9.7 (eet + tyd – gee die samestelling)** baie honger gaan wees. Ongelukkig is dit nou eers **9.8 (15:30 – skryf die tyd in woorde uit)**, en hulle eet gewoonlik eers ná sewe-uur.

Die pa is altyd gelukkig wanneer sy hele gesin saam **9.9 (by/met/op – kies die korrekte voorsetsel)** vakansie is. Hy geniet dit om **9.10 (elke dag – gee een woord)** vroeg wakker te word en dan langs die see te gaan draf. Dit help hom om van al sy werk se **9.11 (frustreer – gee die korrekte afgeleide selfstandige naamwoord)** ontslae te raak.


Dit is vandag die **9.12 (sewe – gee die rangtelwoord)** dag van die gesin se strandvakansie. Elke dag probeer hulle ma om haar twee dogters te **9.13 (veras/verras – kies die korrekte woord)** met iets wat hulle nog nie gedoen het nie. Sy is **9.14 (beslis – gee 'n sinoniem)** 'n baie goeie ma!

**9.15 (Hulle/hulle se/hulle s'n – kies die korrekte voornaamwoord)** vakansies is vir die gesin baie belangrik. Die meisies is gelukkig om sulke goeie **9.16 (ma en pa – een woord)** te hê.

[16 x ½ = 8]

**VRAAG 10      KOMMUNIKASIE**

- Kyk na die prent hieronder.
- Ná die prent volg vyf punte wat elk 'n denkkeeldige situasie skets.
- Lees elke situasie wat geskets word en skryf 'n sin neer wat jy dink die persoon in die situasie sou sê.
- In die beskrywing van elke situasie is 'n paar **vetgedrukte woorde**. Hierdie woorde mag nie in jou sin herhaal word nie.
- Elke antwoord moet **15–20 woorde** lank wees.
- Skryf elke antwoord se woordtelling neer.



[Bron: Google images]

- 10.1 Jeremy **nooi** vir Sara uit om saam met hom strand toe te gaan. Skryf neer wat hy vir haar sê. Noem ook 'n aktiwiteit wat hy **voorstel** hulle op die strand kan doen. (2)
- 10.2 Die twee is baie **trots** op hulle sandkasteel. Wat sê Sara om haar gevoel uit te druk, en hoe **komplimenteer** sy vir Jeremy? (2)
- 10.3 Jeremy is baie **beïndruk** met die heerlike hamburgers wat hulle eet. Skryf neer wat hy sê. Noem ook waarom hy dink die hamburgers so heerlik is. (2)
- 10.4 Sara brand haar mond op die vuurwarm malvalekker. Wat sê sy om haar **pyn** uit te druk? Hoe **waarsku** sy daarna vir Jeremy? (2)
- 10.5 Terwyl hy huis toe bestuur, dink Jeremy **baie positief** oor die wonderlike dag wat hy saam met Sara deurgebring het. Skryf neer wat hy dink en noem ook wat die hoogtepunt van die dag vir hom was. (2)

**[10]****30 punte****Totaal: 100 punte**